# EXIREL® 100 SE
## Insekdoder

**SOUTH AFRICA Registration Number/Registrasie Nommer L10447, Act No. 36 of 1947/Wet 36 van 1947**
**NAMIBIA Registration Number/Registrasie Nommer N-AR2221**

**READ THE LABEL BEFORE USE**
**KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

| GROUP/GROEP | 28 | INSECTICIDES | INSEKDODERS |
|---|---|---|---|

| A Suspo-emulsion ingestion insecticide for the control of various insect pests on crops as listed. | ’n Suspo-emulsie inname insekdoder vir die beheer van verskeie insekplae op gewasse soos gelys. |
|---|---|




**WARNING**

**HAZARD STATEMENTS:**
Causes skin irritation.
May cause an allergic skin reaction.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects
**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**
**Prevention:**
Avoid breathing mist or vapors.
Wash skin thoroughly after handling.
Avoid release to the environment.
Wear protective gloves.
**Response:**
If skin irritation or rash occurs: Get medical advice/ attention.
Collect spillage.

**Active ingredient**
cyantraniliprole
(anthranilic diamide) – 100 g/L

**Aktiewe bestanddeel**
cyantraniliprool
(antraniliese diamied) – 100 g/L

**Net Volume** **1L** **Netto Volume**

**REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER**
FMC Chemicals (Pty) Ltd
Company Registration Number: 1988/001451/07
West End Office Park
Building C, Cnr West Ave & Hall Street
Centurion, 0014
www.ag.fmc.com/za/en

| | | |
|---|---|---|
| **Batch Number** | **Printed on Container** | **Lot Nommer** |
| **Date of Manufacture** | **Printed on Container** | **Datum van Vervaardiging** |
| **Expiry Date** | **3 Years from date of manufacture** | **Vervaldatum** |

| **UN Number/VN Nommer** | **3082** |
|---|---|

| **For any emergency or poisoning contact: Griffon Poison Information Centre (24 hrs)**<br>**Vir enige noodgeval of vergiftiging kontak Griffon vergiftiging Inligtingsentrum (24 hr)** | **+27-(0)-82-446-8946** |
|---|---|
| **Poison Center Helpline** | **0861 555 777** |

**WAARSKUWINGS:**

**GEVAARSTELLINGS:**

- Veroorsaak velirritasie.
- Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak.
- Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte

***ONTHOUDINGS PERIODES:***

- Die volgende minimum aantal dae (onthoudings periode) moet verloop tussen laaste toediening en oes:

| | |
|---|---|
| Appels & Pere | 7 dae |
| Druiwe (Wyn & Tafel) | 10 dae |
| Neutbome | 14 dae |
| Steenvrugte | 7 dae |
| Sitrus, Blaaspootjie en Vrugtevlieg blaarbespuitings | 7 dae |
| Sitrus, Vrugtevlieg lokaas toedienings | 1 dag |
| Tabak | 56 dae |

- Hanteer versigtig.
- Dit is onwaarskynlik dat hierdie produk skadelik sal wees wanneer ingeasem word of deur velkontak.
- Hierdie produk is giftig vir waterlewende ongewerwelde diere.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Berg weg van voedsel en voer in die geslote, ge-etiketeerde oorspronklike houer by ‘n temperatuur van nie hoër as 25ºC nie. Moet nie blootstel aan temperature van 54ºC of hoër vir periodes langer as 2 weke of onder 0ºC nie.
- Die gebruik van hierdie produk anders as op die etiket aangedui kan aanleiding gee tot hoë residue.
- **HERBETREDING:** Moet nie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie.
- Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL’s), maar mag nie noodwendig aan die MRL’s vereistes vir uitvoer gewasse voldoen nie.

**VRYWARING:**

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORG MAATREËLS**:

**VOORSORGSTELLINGS:**
**Voorkoming:**
- Vermy inaseming van mis of dampe.
- Was vel deeglik na hantering.
- Vermy vrystelling na die omgewing.
- Dra beskermende handskoene.

**Reaksie:**
- Indien velirritasie of uitslag voorkom: Kry mediese advies/ aandag.
- Versamel gemorste produk.

**GEVAARLIKE BESTANDDELE:**

1,2-bensisotiasool-3(2H)-een

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Moet nie behandelde gebiede binnegaan alvorens die spuitstof afgedroog het nie.
- Alle persone in direkte kontak met die insekdoder moet beskermende klere (langmouhemp, langbroek, skoene met kouse en handskoene) dra.
- Was uself na toediening van die produk.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Indien die produk in kontak kom met die oë, was onmiddellik met baie water.
- Indien ingeneem ontbied 'n geneesheer of kontak 'n vergiftigings sentrum.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- **MOET NIE DIREK TOEDIEN OP, OF TOELAAT DAT ANDER GEWASSE ANDERS AS OP DIE ETIKET AANDEDUI, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF ANDER AREAS WAAR OPPERVLAKKIGE WATER TEENWOORDIG IS ASOOK GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL WORD NIE.**
- Maak toediener skoon na gebruik en raak ontslae van waswater waar dit nie gewasse, weiding of water kan besoedel nie.

**HERWINNING VAN LEë HOUERS:**

• Dreineer die laaste plaagdoder uit die houer deur dit 30 sekondes oor die spuitbak te hou. Draai die houer om te verseker dat al die plaagdoder in die spuitbak uitloop.
• Vul die leë houer met een kwart van die houervolume skoon water. Plaas die prop op, skud vir 30 sekondes en gooi die spoelwater in die spuitbak. Hou die houer vir 30 sekondes oor die spuitbak om totale dreinering van die spoelwater te verseker.
• Herhaal stap 2 twee keer; Die houer is nou drie keer uitgespoel.
• Maak gate in die houer met 'n skerp voorwerp sodat dit nie herverbruik kan word nie.
• Droog die houer in vol sonlig sonder die prop.
• Stoor die uitgespoelde leë houers op 'n veilige plek totdat dit oorhandig word aan, of versamel word deur een van die CropLife Suid Afrika-goedgekeurde versamelaars of herwinners.
• Berg die proppe afsonderlik in 'n plastieksak of drom om deur die herwinner of versamelaar versamel te word.

## NOODHULP MAATREËLS:

***Algemene advies:***

- Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose person gee nie.

***Inaseming:***

- Geen spesifieke ingryping word aangedui nie aangesien die produk nie gevaarlik is nie.
- Indien ingeasem, verwyder persoon na vars lug.
- Raadpleeg 'n dokter ná beduidende blootstelling.

***Velkontak:***

- Verwyder dadelik alle besoedelde klere.
- Was onmiddellik met seep en baie water.
- Was besoedelde klere voor hergebruik.
- In die geval van vel irritasie of allergiese reaksies kontak 'n dokter.

***Oogkontak:***

- Indien maklik, verwyder kontaklens, indien dit gedra word.
- Hou oog oop en spoel stadig en liggies met water vir 15-20 minute.
- Indien oog irritasie voortduur, raadpleeg 'n spesialis.

***Inname:***

- Geen spesifieke ingryping word aangedui nie aangesien die produk nie gevaarlik is nie.
- Nie 'n waarskynlike roete van blootstelling nie.
- Maar in die geval van toevallige inname, ontbied 'n geneesheer.
- Moet nie braking induseer nie, tensy in opdrag van ‘n dokter of gifbeheer sentrum.
- Indien die slagoffer by sy bewussyn is: Spoel mond met water.

***Belangrikste simptome en gevolge, beide akuut en vertraag:***

***Simptome:***

- Geen gevalle van menslike vergiftiging is bekend nie en ook nie die simptome van eksperimentele vergiftiging nie.

***Velkontak kan die volgende simptome uitlok:***

- Plaaslike irritasie, sensitiewiteits effekte

***Indien daar ‘n aanduiding van enige onmiddellike mediese aandag en spesiale behandeling nodig blyk te wees:***
***Behandeling:***

- Behandel simptomaties.

## WEERSTANDSWAARSKUWING:

Wanneer insekdoders met dieselfde wyse van werking herhaaldelik oor verskeie jare in dieselfde boord of kamp gebruik word, mag natuurlik minder sensitiewe individue oorleef en dominant raak in diè boord/kamp. ’n Insek word as weerstandbiedend teen ‘n insekdoder gesien as dit ‘n korrek toegediende behandeling teen die aanbevolle dosis en tyd van bespuiting onder normale weerstoestande oorleef en wanneer ‘n geldige biotoets die vermindering in aktiwiteit bevestig. Wanneer weerstand voorkom, sal aanbevolle dosisse nie die plaag populasie onderkant ekonomiese drempelwaardes onderdruk nie. Ontwikkeling van weerstand kan vermy of vertraag word deur produkte of mengsels met ‘n ander wyse van werking af te wissel. Tenk mengsels met ander effektiewe insekdoders vir die teiken plae mag ook aanbeveel word. Vir verdere inligting oor die monitering van insek weerstand, besoek die “Insect Resistance Action Committee (IRAC)” webblad by (http://www.irac-online.org).

**EXIREL® 100 SE** insekdoder is ‘n IRAC Groep kode 28 Insekdoder (ryanodien reseptor modulator – diamied)

Herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van **EXIREL® 100 SE insekdoder** mag lei tot die opbou van weerstandbiedende populasies van insekte in sommige gewasse. Sommige insekte is bekend daarvoor dat hulle weerstand ontwikkel teen produkte wat herhaaldelik vir beheer gebruik word. Omdat die ontwikkeling van weerstand nie voorspel kan word nie, mag hierdie produk gebruik word as deel van ‘n weerstandsbestuur

strategie wat vir die gebruiksarea gevestig word. Hierdie strategieë mag die volgende insluit: bewerkings en biologiese beheer praktyke, afwisseling van verskillende wyse van werking klasse van insekdoders op opeenvolgende generasies en om die mees vatbare stadium in die insek se lewenssiklus te teiken. Raadpleeg jou plaaslike landbou raadgewers vir besonderhede en volg die aanbevole IRAC vir gebruik van ryanadien reseptor modulators – diamied insekdoders (http://www.irac-online.org).

Die beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders sluit in:

- Vermy gebruik van produkte met dieselfde wyse van werking (selfde IRAC groep nommer) teen opeenvolgende generasies van insek plae.
- Moet nie meer as 2 toedienings van **EXIREL® 100 SE insekdoder** of enige ander Groepkode 28 bevattende insekdoder binne *'n "Behandelings Venster" toedien nie. Die volgende toediening teen die teiken plaag of plae moet aangewend word met 'n ander produk met 'n verskillende wyse van werking (Nie 'n Groep 28 kode insekdoder nie). 'n "Behandelings Venster" is die periode van residuele beheer wat verskaf word deur 'n enkel of opeenvolgende produk toedienings met dieselfde wyse van werking binne 'n naasteby 30 dae periode (15-40 dae afhangend van plaaslike ontwikkelings tyd vanaf eier tot volwasse insek). Ideaal sal die "behandelings venster" naastenby dieselfde tydsduur wees as 'n generasie van die teiken plaag.*
- Moet nie laer dosisse as die aanbevole dosisse op die **EXIREL® 100 SE insekdoder** etiket gebruik nie – beide wanneer alleen of in tenkmengsels.
- Teiken die mees vatbare stadiums van die insek se lewenssiklus waar moontlik.
- Monitor insek populasies vir vermindering in veld effektiwiteit. As weerstand teen die produk in die area ontwikkel mag dit en ander produkte met dieselfde wyse van werking nie meer aanvaarbare beheer bied nie.
- As swak werking nie aan verkeerde aanwending of ekstreme weerstoestande toegeskryf kan word nie, mag 'n weerstandbiedende populasie van hierdie insek teenwoordig wees. As probleme ondervind word met insekbeheer en die vermoede bestaan dat weerstand 'n moontlike oorsaak mag wees, kontak u naaste FMC verteenwoordiger of landbou adviseur vir die beste alternatiewe metode van beheer in die area.

  Vir verdere inligting oor die monitering van insek weerstand, besoek die "Insect Resistance Action Committee (IRAC)" webblad by (http://www.irac-online.org).

**ALGEMENE INLIGTING:**

**EXIREL® 100 SE insekdoder** beskik oor 'n unieke werkingsmeganisme deur aan die ryanodien reseptore van insekte te bind en die bogenoemde reseptore te aktiveer. Hierdie aktivering stimuleer die loslating en uitputting van kalsium vanuit die interne stoorplekke van spiere, wat lei tot verswakte spier regulering, verlamming en die uiteindelike dood van die insek. Dood van die plaag vind binne 2-3 dae plaas, maar inhibisie van insekbeweging en staking van voeding vind vinnig plaas.

**EXIREL® 100 SE insekdoder** is aktief as 'n larfdoder deur inname (maagaksie).

**GEINTEGREERDE PLAAGBEHEER EN ANDER NIE-TEIKEN INSEKTE**

FMC ondersteun die gebruik van Geïntegreerde Plaagbeheer (IPM) programme om peste te beheer. Hierdie produk kan gebruik word as deel van 'n geïntegreerde plaagbeheer program, wat kan insluit biologiese, kulturele en genetiese praktyke, gemik op die voorkoming van ekonomiese plaagskade. IPM beginsels en praktyke sluit in veld verkenning of ander opsporing metodes, korrekte teiken plaag identifikasie, monitering van bevolkings, rotasie van insekdoders met verskillende wyses van werking, en die behandeling van teiken plae wanneer bevolkings plaaslik bepaalde drempelwaardes bereik het.

Cyantraniliprool is 'n produk wat hoogs effektief is in die beheer van insekte en kan nadelige gevolge vir nie-teiken organismes en waterorganismes hê. Om skade te vermy, moet dit versigtig gebruik word in gebiede waar wenslike nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.

Om te voldoen aan goeie landboupraktyke: Moet nie naby of direk op water toedien nie. Moenie toelaat dat die produk wegdryf van die geteikende area nie.

Lees en volg die etiket in sy geheel vir inligting oor die gebruik en bykomende voorsorgmaatreëls. Verstaan en implementeer goeie landboupraktyke tydens die gebruik van hierdie produk. Raadpleeg jou plaaslike FMC verteenwoordiger vir meer inligting oor goeie landboupraktyke.

**Hierdie produk is giftig vir bye wat aan direkte behandeling blootgestel word. Dien net toe wanneer bye nie aktief is nie, verkieslik na daaglikse bye vlug. Vermy spuitstofwegdrywing na nie-teikenareas of ander habitatte wat aantreklik is vir bye.**

Hierdie produk is giftig vir sywurms. Moenie toelaat dat die produk wegdryf na sywurm produksie areas of moerbei boorde nie. Om skade te vermy, moet die produk versigtig gebruik word in gebiede waar wenslike nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

**SKUD DIE BOTTEL (HOUER) DEEGLIK VOOR GEBRUIK**

Monitor insek populasies en dien **EXIREL® 100 SE insekdoder** toe volgens etiket aanbevelings wanneer plaaslike vasgestelde ekonomiese drempelwaardes bereik word. Volg die etiket aanbevelings vir presiese toedienings dosisse, spuitintervalle en optimum tyd van toediening.

***VERENIGBAARHEID:***

**EXIREL® 100 SE** insekdoder moet nie met ander landbouchemikalieë vermeng word tensy aanbeveel op die etiket nie.

***TENKMENGSEL VERMENGING:***

Spuittoerusting moet skoon en vry van ander plaagdoder neerslae wees voor **EXIREL® 100 SE insekdoder** toegedien word. Maak die spuittenk ¼ tot ½ vol met skoon water. Vermeng die **EXIREL® 100 SE insekdoder** vooraf met 'n bietjie skoon water voordat dit in die spuitenk gevoeg word. Meng deeglik totdat die **EXIREL® 100 SE insekdoder** ten volle gemeng is en hou aan met roering (gebruik slegs meganiese of hidroliese roering) na afloop van vermenging van die produk. Die ideale pH vir die **EXIREL® 100 SE insekdoder** spuitmengsel moet pH 7 of minder wees. Gebruik die spuitmengsel binne 4 ure nadat dit vermeng is. Dit word nie aanbeveel dat die spuitmengsel oornag in die spuittenk gelaat word nie.

***TOEDIENING:***

Dien **EXIREL® 100 SE insekdoder** as 'n volle dekbespuiting met konvensionele boord spuittoerusting toe, wat korrek gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en die korrekte dosis per hektaar te verkry.

***LUGTOEDIENING:***

Lugtoediening van **EXIREL® 100 SE insekdoder** mag slegs gedoen word deur 'n geregistreerde Lugbespuitings -operateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118: 2009 (Aerial Application of Pesticides). Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik om aan die volgende vereistes te voldoen:
- Volume: 'n Spuitmengsel volume van minstens 30 liter per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg nie, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume toegedien word as hierbo aanbeveel.
- Druppelbedekking: 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 tot 280 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik of klim nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks in beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëbol lesing, soos die van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 ° C oorskry nie.

• Stop bespuiting indien die windspoed 15 km / h oorskry.
• Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
• Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en / of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot die volgende lei:

- Verlaagde effektiwiteit as gevolg van die suspensie en verdamping van klein druppels in die lug (Onvoldoende bedekking op teiken).
- Skade aan sensitiewe gewasse en / of nie-teiken areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teiken area.

• Maak seker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
Verkry 'n versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat word vir toekomstige verwysing.

**SAGTE VRUGTE:**

Die dosis van **EXIREL® 100 SE insekdoder** per hektaar moet volgens die boom-ry-volume (BRV) van die boord, ongeag die werklike volume water toegedien, bereken word. Die BRV is die water volume nodig wanneer die bome hul volle blaardekking het en word bereken volgens die volgende formule:
.

$$BRV = \frac{\text{Boomhoogte* (m) x Boom deursnee* (m) x 937}}{\text{Rywydte (m)}}$$

*(Boomhoogte en boomdeursnee moet gemeet word gedurende die somer wanneer die bome hul volle blaarbedekking het)

**EXIREL® 100 SE insekdoder** kan toegedien word, of as ‘n hoë volume toediening (water volume/ha gelyk aan BRV) of as ‘n gekonsentreerde, lae volume toediening, waar die werklike watervolume toegedien laer as die BRV is. In beide gevalle moet die hoeveelheid **EXIREL® 100 SE insekdoder** toegedien per hektaar konstant (volgens die BRV) bly. Moet nie **EXIREL® 100 SE insekdoder** in ‘n watervolume van minder as ¼ van BRV (m.a.w. nie hoër as 4X konsentrasie) toedien nie.

Toedienings (water) volumes aanbeveel op die verskillende groeistadium van die boom:

**KERNVRUGTE (appels & pere)**

| Groeistadium | % van BRV vereiste/ha |
|---|---|
| Vanaf groen punt tot ± 30% blom | 60 % |
| Vanaf ± volblom tot ± mid November | 80 % |
| Vanaf ± begin van Desember | 100 % |

**STEENVRUGTE (appelkose, kersies (soet & suur), nektariene, perskes, pruime & pruimedante)**

| Groeistadium | % of BRV vereiste/ha |
|---|---|
| Vanaf bot tot volblom | 60 % |
| 75% Blomblaar val tot 1 maand later (Mid Seisoen) | 80 % |
| Mid Seisoen tot Na oes | 100 % |

***TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:***

| GEWAS/PES | TOEDIENINGS-HOEVEELHEID | AANBEVELINGS/OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **DRUIWE**<br><br>**WYN & TAFEL**<br><br>Meditereense Vrugte Vlieg<br>*Ceratitis capitata* | **Grondtoediening**<br><br>100 ml/ha + 400 – 1000 ml/hL Hymlure 425 RTU in 50-100 liter water per hektaar<br><br>**Lugtoediening**<br><br>100 ml/ha + 900 ml/hL Hymlure 425 RTU + 1 liter water/ha (totaal van 2L spuitmengsel per hektaar) | **Toediening van vrugtevlieg lokaas.**<br>Dien **EXIREL® 100 SE insekdoder** in 'n totale volume van 50 liter lokaas mengsel per geplante ha toe as growwe druppels van ongeveer 1 - 6 mm. Gebruik slegs gekalibreerde toerusting wat aangepas is om aan die vereistes te voldoen.<br><br>Tafeldruiwe:<br>**Moenie lokaas direk op die druiwetrosse toedien nie.** Behandel minstens elke tweede tot derde ry deur die lokaas aan die onderkant van die prieëlkappe toe te dien. Voorkom druppels op die druiwekorrels deur die toediening by skuinskappe, aan die bokant van die tros-/vrugtelyn, en by dakpriële, tussen die troslyne, na die blaredak te rig.<br><br>Wyndruiwe:<br>Gebruik die soliede straal metode en wend direk in die blaardak toe om die soliede stroom op te breek in growwe druppels.<br>Behandel minstens twee rye aan weerskante van elke tweede of derde werksry, afhangend van heersende vrugtevlieg populasie druk. Wissel rye af met elke opeenvolgende toediening.<br><br>**Moenie enige ander produkte, insluitend adjuvante, surfaktante en benattingsmiddels, met lokaas-aanwendings van EXIREL® 100 SE insekdoder toedien nie.**<br><br>Toedienings moet herhaal word met 7 dae intervalle. Moenie meer as 'n totaal van 5 **EXIREL® 100 SE insekdoder** lokaas toedienings gebruik vir die beheer van vrugtevlieg per seisoen nie.<br>Moet nie meer as 3 opeenvolgende toedienings van **EXIREL® 100 SE insekdoder** op 'n slag toedien nie. Volg dit op met 'n "venster" van 60 dae met toedienings van 'n effektiewe geregistreerde produk met 'n ander wyse van werking waarna 2 agtereenvolgende lokaastoedienings van **EXIREL® 100 SE insekdoder** weer toegedien kan word. Raadpleeg die aanbevelings in die Weerstands Waarskuwing afdeling op hierdie etiket.<br><br>Laat 10 dae toe tussen die laaste **EXIREL® 100 SE insekdoder** toediening en oes.<br><br>**HYMLURE:** Gebruiker moet toesien dat alle aanbevelings nagekom word. |

| | | |
|---|---|---|
| **KERNVRUGTE**<br><br>**APPELS**<br><br>Kodlingmot (larwes)<br>*Cydia pomonella* | 35 ml/100 ℓ spuitmengsel | Dien **EXIREL® 100 SE insekdoder** toe as 'n volle dekbespuiting teen volumes bepaal deur die Boom-ry-volume (BRV) van die gewas soos hierbo uiteengesit in die sagtevrugte seksie. Verseker deeglike bedekking van loof en ontwikkelende vrugte.<br>**EXIREL® 100 SE insekdoder** en ander Group 28 insekdoders moet net aangewend word teen een van die eerste, tweede of derde generasies van die plaag. Ten einde die ontwikkeling van weerstand te voorkom, moet produkte met verskillende wyses van werking teen die verskillende generasies van kodlingmot toegedien word. Weens sy effektiwiteit teen Gebande Vrugte Kalander (*Phlyctinus callosus*) word daar aanbeveel dat **EXIREL® 100 SE insekdoder** toedienings geteiken word teen beide van hierdie insekplae in appels.<br><br>Dien altyd **EXIREL® 100 SE insekdoder** toe as 'n blokbespuiting met 'n 10-14 dae spuitinterval.<br>Moet nie 2 **EXIREL® 100 SE insekdoder** toedienings in totaal per seisoen oorskrei nie. Raadpleeg die aanbevelings in die Weerstandswaarskuwing afdeling op hierdie etiket.<br><br>**Laat 7 dae tussen die laaste EXIREL® 100 SE insekdoder toediening en oes.**<br><br>**<u>BELANGRIKE NOTA</u>: Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Voordat EXIREL® 100 SE insekdoder toegedien word, raadpleeg u naaste lokale FMC verteenwoordiger, asook die nuutste Hortgro lyste met MRL inligting en aanbevole PHI soos gepubliseer op die Hortgro webblad vir die nuutste opgedateerde besonderhede vir produkte wat vir uitvoer bestem is.** |

| | | |
|---|---|---|
| **KERNVRUGTE**<br><br>**APPELS (vervolg)**<br><br>Gebande Vrugte Kalander<br>*Phlyctinus callosus* | 35 ml/100 ℓ spuitmengsel | Dien **EXIREL® 100 SE insekdoder** toe as ‘n volle dekbespuiting teen volumes bepaal deur die Boom-ry-volume (BRV) van die gewas soos hierbo uiteengesit in die SAGTEVRUGTE seksie. Verseker deeglike bedekking van loof en ontwikkelende vrugte.<br>Begin bespuiting wanneer die eerste kalanders gevang word in riffelkarton lokvalle aangeheg aan die boomstamme of wanneer die eerste vreetskade waargeneem word op die blare van die onderste lote. ‘n Opvolg toediening van **EXIREL® 100 SE insekdoder** mag nodig wees na 10-14 dae indien die infestasie volhard.<br>Moet nie 2 **EXIREL® 100 SE insekdoder** toedienings in totaal per seisoen oorskrei nie, insluitend toediening van hierdie produk vir beheer van kodlingmot (sien aanbevelings hierbo).<br>**EXIREL® 100 SE insekdoder** toedienings moet net teen een generasie van hierdie plaag gemaak word. ‘n Effektiewe insekdoder met ‘n ander wyse van werking (bv. **Steward® 150 EC**) moet dan gebruik word vir beheer van die ander generasie in die seisoene of areas waar 2 generasies van hierdie plaag voorkom.<br><br>**Laat 7 dae tussen die laaste EXIREL® 100 SE insekdoder toediening en oes.**<br><br>**<u>BELANGRIKE NOTA</u>: Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL’s), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Voordat EXIREL® 100 SE insekdoder toegedien word, raadpleeg u naaste lokale FMC verteenwoordiger, asook die nuutste Hortgro lyste met MRL inligting en aanbevole PHI soos gepubliseer op die Hortgro webblad vir die nuutste opgedateerde besonderhede vir produkte wat vir uitvoer bestem is.** |
| **KERNVRUGTE**<br><br>**APPELS (vervolg)**<br><br>Meditereense Vrugte Vlieg<br>*Ceratitis capitata* | 75 ml/100 L spuitmengsel<br><br>(Gebruik ‘n minimum van 1.2 **L EXIREL® 100 SE**/ha | Dien toe as 'n volledige dekbespuiting gedurende vroeë stadiums van plaagbesmetting, tipies wanneer volwassenes gevang word en wanneer die oes aantreklik raak vir die volwassenes.<br>Dien toe in 1500 - 2000 liter water per hektaar.<br>Moet nie meer as een toediening per seisoen maak nie.<br>Die minimum aanbevole toedieningshoeveelheid is 1.2 L produk per hektaar, ongeag die hoeveelheid water wat gebruik word.<br>Laat 7 dae toe tussen laaste toediening en oes. |

| LOKAASTOEDIENINGS HOEVEELHEDE: | | |
|---|---|---|
